



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 226

Moderne (Finansiële) Slawerny

Modern (Financial) Slavery

Prof Jaco Fouché

Intreerede gehou op 14 November 2008

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Kampusregistrator
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Kopiereg © 2009 NWU

ISBN 978-1-86822-568-2

Moderne (Finansiële) Slawerny

Modern (Financial) Slavery

Prof. JP Fouché

Bussie 170

Noordwes-Universiteit

Privaatsak X6001

Potchefstroom

2520

Tel: 018-299 1459 of 082 924 4948

Faks: 018-299 1426

Epos: jaco.fouche@nwu.ac.za

Abstract

There is probably no single person that has not been affected by the current international financial crisis. In order to understand what has happened, the reasons for the credit- and extended financial crisis was analysed and related to slavery. The study provides an international perspective, but also gives the South African perspective. From the study it seems that the same factors that motivated people to apply slavery, today also motivate large corporations and individuals to keep hostage a large portion of people in a spiral of increased consumerism. The consumer spending is financed by paying people more for their spare time and people taking up more credit. From the fierce way credit is advertised it seems that there is very little respect or care for the wellbeing of those trapped in debt. Forecasts are made about the ending of financial slavery and a few recommendations regarding dealing with debt are made. The research closes with a call on the church to step forward in the debate.

Key concepts

Slavery, Financial, Debt

Opsomming

Daar is waarskynlik nie een persoon wat onaangeraak deur die huidige internasionale finansiële krisis is nie. Om die onlangse gebeure te kan verstaan is die onderliggende redes vir die krediet- en uitgebreide finansiële krisis ontleed en in verband met slawerny gebring. Die studie skets dié aspekte in 'n internasionaal lig maar toon ook telkens die Suid-Afrikaanse omstandighede. Uit die studie blyk dit dat dieselfde dryfveer wat mense gemotiveer het om slawerny toe te pas, ook groot korporasies en selfs individue vandag motiveer om 'n groot deel van die bevolking vasgevang te hou in 'n spiraal van toenemende verbruikersbesteding. Die verbruikersbesteding word gefinansier deur persone wat meer van hul vrye tyd vir betaling aanbied of meer krediet opneem. Uit die ongenaakbare wyse waarop krediet geadverteer word, blyk dit dat daar min respek of bekommernis oor die welstand van diegene is wat in die skuldweb vasgevang word. Vooruitsigte is geskep rondom die afskaffing van finansiële slawerny en enkel aanbevelings vir die hantering van skuld is aangespreek. Die navorsing sluit af met 'n oproep tot die kerk om ernstig tot die debat toe te tree.

Sleuteltermes

Slawerny, Finansiële, Skuld

1. Inleiding

Daar is waarskynlik nie een persoon wat onaangeraak deur die huidige internasionale finansiële krisis is nie. Die armes wat reeds 'n groot deel van hul inkomste op behuising, vervoer en kos spandeer (Suid-Afrikaanse Reserwebank, 2008:3) het die effek van hoë inflasie in dié sektore gevoel, die middelklas het moontlik die verdere effek van die stygende rentekoerse ervaar en die wat beleggings in aandele en eiendom het, is deur die dalings wat in die waardes daarvan voorgekom het, geraak. Almal is egter nie in alle omstandighede ewe negatief geraak deur die gebeure nie. Persone, veral pensioenarisse, wat afhanklik is van rente inkomste trek terselfdertyd voordeel uit hoër rente koerse.

Die mense is geskape met die vermoë om te kan kies. Elke mens het ook keuses rondom finansiële aspekte, soos om skuld te maak of nie. Die vraag kan egter met reg gevra word hoeveel persone sonder voorbedagte rade in finansiële probleme, sedert die krisis aan die einde van 2006 begin het, beland het. En hoe dan gemaak as 'n persoon nie deel van die oorsaak van die probleem was nie, maar hom- of haarself ook nie daarteen kan beskerm nie. So 'n persoon is moontlik vasgevang deur die omstandighede. 'n Persoon wat vasgevang is deur omstandighede is waarskynlik 'n slaaf van die omstandighede.

'n *Slaaf* word onder andere in die Groot Woordeboek omskryf as "iemand wat in volkome onderworpenheid en knegskap die eiendom van iemand anders is, iemand wat aan 'n vreemde oorheerser onderworpe is, iemand wat die prooi van sy eie neigings is

of 'n slaaf van 'n gewoonte" (Eksteen, 2005). Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (2003) omskryf 'n slaaf ook as "gevangene, jibroer, kneg". Daar is verskeie verwante woorde wat in die konteks verstaan moet word te wete, slawerny en verslawing. *Slawerny* word onder andere deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek omskryf as " 'n toestand van onderworpenheid, onvryheid, diensbaarheid, 'n toestand van onderhorigheid en onvryheid (Eksteen, 2005). *Verslawing* word verder deur die Frase Woordeboek (Joubert, 2005) omskryf as iemand se verslawing aan iets (verslaaf) en deur die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (2003) omskryf as "vernedering".

Woordeboek van die Afrikaanse Taal (2003) omskryf finansiëel onder andere as "van die geldsake, geldwese; wat die geldsake, geldwese betref". Vanuit die bogenoemde kan die volgende dus saamgestel word:

- *Finansiële slawerny* – 'n toestand van onderworpenheid, onvryheid in die gebied van geldsake.
- *Finansiële verslawing* - 'n afhanklikheid of gevangenisskap aan iets/gewoonte/begeertes op die gebied van geldsake wat kan lei tot 'n gevoel van vernedering.

Daar word baie verskillende gevoelens by 'n persoon wakker gemaak by die aanhoor van die woord "slawerny". Dit kan wissel van 'n gevoel van afstand omdat dit klaarblyklik so ver in die verlede en weg van die persoon gebeur het, tot 'n gevoel van verbasing dat iets so onmenslik in ons samelewing gebeur het.

Tog kan slawerny in 'n nuwe versteekte vorm steeds deel van die samelewing wees. Die onlangse chaos in finansiële markte, hoë voedsel- en brandstofpryse, wat juis die armste deel van die bevolking die meeste raak, is soos reeds genoem, 'n sprekende voorbeeld van dié moontlikheid. Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WARC) het reeds in 2004 met die Accra-verklaring 'n beroep op ryk, ontwikkelde lande gedoen om die voordele van ekonomiese groei en ontwikkeling meer eweredig met arm inwoners van arm lande te deel (Rossouw, 2007:260). In die lig van die wêreldwye krisis ontstaan die vraag hoeveel daar oor gaan wees om te deel en mense van armoede te verlos.

2. Probleemstelling en hipotese

Dit is bykans ondenkbaar dat 'n finansiële krisis met die huidige omvang in ons tyd van hoogs gesofistikeerde bankstelsels, tegniese bekwame ekonome, finansiële bestuurders, ontleders en -adviseurs kan plaasvind. Om die onlangse gebeure te kan verstaan behoort die onderliggende redes vir die krediet- en uitgebreide finansiële krisis ontleed te word.

Die volgende nul en alternatiewe hipoteses word gestel:

H_0 : Die huidige finansiële krisis kan gedeeltelik verklaar word deur 'n vorm van finansiële slawerny.

H_1 : Daar is geen verband tussen die huidige finansiële krisis en kenmerke van finansiële slawerny nie.

3. Doelstellings en metodologie

Ten einde die probleemstelling aan te spreek en die hipotese te toets word die volgende doelstellings gestel:

1. Onderzoek die literatuur aangaande die ontstaan, kenmerke en beëindiging van slawerny;
2. Onderzoek die literatuur aangaande onlangse finansiële krisisse;
3. Stel vas of daar enige verband tussen slawerny en die oorsake vir die huidige finansiële krisis bestaan; en
4. Maak gevolgtrekkings en aanbeveling na aanleiding van die bestaan of nie van 'n verband tussen slawerny en die huidige finansiële krisis.

4. Slawerny

In die volgende paragrafe word gekyk na die ontstaan, tipes, kenmerke en die beëindiging van die tradisionele vorm van slawerny ten einde doelwit een aan te spreek. By die ontstaan van slawerny word ook onderskeid na die Bybelse tyd en slawerny sedertdien getref.

4.1 Die ontstaan van slawerny

4.1.1 Slawerny in die Bybel

Daar is verskeie verwysings na slawe en slawerny in die Bybel. In hierdie gedeelte word 'n paar voorbeelde uitgelig. Daar word in die Bybel so vroeg as met Noag na die vloed, na slawerny verwys (Bybel, 1983: Genesis 9). Verder word daar ook na Abraham wat self slawe gehad het verwys (Bybel, 1983: Genesis 12). Slawe was 'n kommoditeit, soos

ook gesien kan word uit Josef wat deur sy broers aan slawehandelaars verkoop is (Bybel, 1983: Genesis 37).

Daar was hoofsaaklik twee soorte slawe, skuldslawe (armoede) of tydelike slawe (Drescher & Engerman, 1998:89; De Vaux, 1963:83,172) en oorlogslawe (Drescher & Engerman, 1998:89; De Vaux, 1963:80). Daar word reeds van skuldslawe in Genesis 41 tydens die groot hongersnood in Egipte, gelees (Drescher & Engerman, 1998:92). Slawerny kon ook vir 'n misdaad gewees het, byvoorbeeld die moontlike straf wat Benjamin opgelê kon word toe Josef se beker gesteel is in Genesis 42 (Drescher & Engerman, 1998:93). Daar is ook verskeie antieke geskrifte van die nabye Ooste (1700vC) wat op oorlogslawe gedui het (Drescher & Engerman, 1998:92) wat ooreenstem met dit wat ons dikwels in die bestaanstyd van Israel lees. Verder, volgens Eksodus 21:4 (Bybel, 1983) was die kinders van slawe ook gebore as slawe. Dit kon ook gebeur dat ouers hul kinders as borg opgegee het vir skuld en die kinders by die nie-betaling dan slawe kon word (De Vaux, 1963:172). Dit is ook belangrik om kennis te neem dat rentekoerse in die antieke tyd baie hoog was, 20% tot 50% per jaar van die geldbedrag en tot 33.3% van items soos koring (De Vaux, 1963:171). Dit was dus relatief maklik om in die moeilikheid te beland.

Dit word egter erken dat die Hebreëuse wette rondom slawerny 'n etiese ondertoon gehad het wat dit onderskei het van die ander Midde Oosterse wette. Dit is ook dié twee kante van die Bybel wat later in die VSA gebruik is om slawerny te regverdig en aan die anderkant te veroordeel (Drescher & Engerman, 1998:97).

Israel was laastens goed bewus van die gevolge van slawerny waarin hulself in Egipte vasgevang was (Turley, 2000:22). Dit is dus ook opvallend dat die eerste vers van die Wet hul aan hul Egiptiese slawerny herinner het en dui op God se verlossing uit dié slawerny (Drescher & Engerman, 1998:89).

4.1.2 Ontwikkelinge tot die negentiende eeu

Daar is verskeie geskrewe bewyse (kleitablette) in verband met die bestaan van slawerny in die sesde en vyfde eeu voor Christus (Baker, 2001:18). Meeste slawe in antieke Babilonië is hiervolgens in 'n slawe familie gebore en het self dan ook so slawe geword (Baker, 2001:20).

Daar is ook verskeie historiese geskrifte wat op die voorkoms van slawerny in verskeie dele van die wêreld dui sedert die antieke tydperk en die hoogtepunt van die slawehandel in die negentiende eeu. Daar is min oor slawerny in Indië voor kolonisasie bekend, maar dat daar duidelike klasse was en dat die laagste klas eindelijk slawe was, is duidelik (Drescher & Engerman, 1998:6). Verder is meeste historikusse dit eens dat slawerny in Afrika voor die koloniale tydperk bestaan het (Drescher & Engerman, 1998:28) vanaf 'n meerdere mate in Wes- en Oos-Afrika (Drescher & Engerman, 1998:41) tot 'n bykans onaangetekende mate in Sentraal-Afrika (Drescher & Engerman, 1998:37). Slawerny in Asië het ook in 'n stadium gefloreer (Walvin, 1996:177).

Die gebeure in die nuwe wêreld (Amerikas) was die sleutel tot die gebeure wat later in Afrika gevolg het (Walvin, 1996:7). Vanaf 'n klein, *ad hoc* en onsekere begin het slawehandel tot 'n massiewe globale besigheid ontwikkel wat drie streke van die wêreld,

naamlik Europa, die Amerikas en Afrika getransformeer het (Walvin, 1996:20). Die daaropvolgende geforseerde migrasie van Afrikane na die Amerikas was op 'n skaal wat nooit van tevore gesien is nie (Walvin, 1996:18).

Net vanuit Wes-Afrika is ongeveer 7 miljoen mense as slawe weggevoer (Drescher & Engerman, 1998:34) wat ongeveer 60% van die totale handel verteenwoordig het. Met die slawehandel het dit ook gebeur dat slawe al meer in Afrika gebruik is. Baie mense het dus in die begin jare na Noord- en Suid-Amerika verhuis as gebonde persone (Walvin, 1996:29). 'n Ander bron wat hiermee ooreenstem toon aan dat vanaf 1660 tot 1867, na beraming 10 miljoen mense vanuit Afrika na Noord- en Suid-Amerika weggevoer is (Drescher & Engerman, 1998:387).

Volgens Turley (2000:15) was die vraag na slawe in die "nuwe" wêreld, in ooreenstemming met ander skrywers, die beskikbaarheid van grond, 'n tekort aan arbeiders en 'n dryfveer vir wins of kapitaalgroei in die gebiede. 'n Ander onontbeerlike bestanddeel was volgens hom die regering van die dag se bereidwilligheid om gunstige wette in dié verband te handhaaf, die ontwikkeling van markte en die beskikbaarheid van persone (buitelanders) om as slawe te dien.

Daar kan dus gesien word dat slawerny reeds vir ongeveer 5000 jaar, in 'n mindere of meerdere mate in samelewings voorkom. Tydens dié tydperk het slawerny twee bene gehad, naamlik die wetlike sy (waar die eienaar die reëlmaking en uitvoering oor die slaaf oorneem) en die ekonomiese sy (waar die slaaf sekere tipe arbeid tot voordeel van die eienaar verrig) (Drescher & Engerman, 1998:28).

4.1.3 Kapitalisme en slawerny

Volgens Bottum het in die Amerikaanse geskiedenis, drie bene, naamlik demokrasie, kapitalisme en godsdiens mekaar geakkommodeer en terselfdertyd hard teen mekaar gedruk (2008:2). Drescher & Engerman (1998:107) definieer kapitalisme as 'n stelsel van produksie waar die direkte produsente hul arbeid vrywillig verkoop aan die eienaars van kapitaal, wie se motivering wins asook die reproduksie van hul kapitaal is. Loonwerkers het vir die eerste keer in die middel negentiende eeu die grootste deel van die bevolking in Engeland beslaan (Drescher & Engerman, 1998:108). Voor dié tydperk was die meeste besighede familie-gebaseerde besighede waar persone vir hulself gewerk het (Drescher & Engerman, 1998:108). Die grootste oorsaak vir die verandering was die industriële revolusie wat groot getalle loonwerkers nodig gehad het om die grootskaalse gemeganiseerde vervaardigingsprosesse te dryf (Drescher & Engerman, 1998:108). Die noodsaaklikheid vir die groter produksie was ook gedryf deur die groter vraag na produkte in die slaaf-gebaseerde ekonomieë in Noord- en Suid-Amerika (Drescher & Engerman, 1998:109).

Die opbrengs op 'n slaaf as bateklas was in die omgewing van 10% wat goed vergelyk het met ander bateklasse (Conrad en Meyer (1958)) soos aangehaal deur Drescher & Engerman (1998:179). Vir die handelaars was die winsgewendheid egter aansienlik beter en dit kon wissel tussen 'n verlies van 8.2% en 'n wins van tussen 80% en 1000% (Rubin & Tuden, 1977:91). Die groot verskil was te wyte aan die feit dat skepe kon vergaan, slawe(soms baie en soms min) siek kon word en self dood gaan of dat die reis eenvoudig voorspoedig verloop het.

Adam Smith (soos aangehaal deur Drescher & Engerman (1998:412) het in 1776 gesê dat indien alle ander dinge dieselfde sou bly, vrygestelde slawe beter werkers behoort te gewees het. Dit was egter nie die geval nie. Met die emansipasie van die slawe het vorige eienaars en toekomstige werkgewers ook vry geraak van die besorgdheid vir die welstand van hul werkers. (Drescher & Engerman, 1998:412), (Rubin & Tuden, 1977:135). Volgens Turley (2000:8) het Aristoteles gesê dat die voorwaarde vir 'n mens om vry te wees, is dat hy nie leef vir die voordeel (of wins) van 'n ander persoon nie. Dus was loonarbeiders, 'n kenmerk van kapitalisme, nie as vrymense gesien nie (Turley, 2000:8). Vandag kom spreekwoorde soos "om soos 'n slaaf te werk" of "ek sloof my af" steeds voor. Die woorde impliseer die stelling van 'n onmenslike werkslading (Walvin, 1996:30).

4.1.4. Hedendaagse slawerny

Daar is verskeie voorbeelde van hoe slawerny moontlik vandag voortleef. Die vorme sluit onder andere die volgende in:

- Neem van organe van persone in tronke in China (Drescher & Engerman, 1998:167), Pakistan (Naqvi *et al.*, 2007:934) asook deur toordokters (Drescher & Engerman, 1998:167);
- Kinder dwangarbeid (veral in Indië en Thailand) (Drescher & Engerman, 1998:166), (Blagbrough, 1999:51);
- Geforseerde prostitusie (Drescher & Engerman, 1998:166) en sekstoerisme (Drescher & Engerman, 1998:167), (Huges, 2000:3);

- Ontvoering van jong meisies na onder andere Oosterse en Arabiese lande (Drescher & Engerman, 1998:166), (Huges, 2000:1);
- Swak behandeling van onwettige immigrante (xenofobie) (Drescher & Engerman, 1998:167), (Manefee, 2003:1); en
- Persone wat vasgevang in skuld is (Drescher & Engerman, 1998:167), (Foster, 2006).

Dit wil dus voorkom asof slawerny deur die eeue steeds bestaan en slegs in vorm verander het om nuwe onderdrukte te soek wat tot voordeel van ander uitgebuit kan word.

4.2 Tipes slawerny

Wanneer daar van slawerny gepraat word dink 'n persoon onwillekeurig aan sekere volke wat weggevoer is om vir ander te werk. Daar is egter verskeie vorme van slawerny. Daar is hoofsaaklik vier tipes slawerny uit die literatuur geïdentifiseer. Slawerny het veral voorgekom waar persone vir hul skuld verkoop is of (1) oorgegee is aan die skuldeiser (Turley, 2000:8, Drescher & Engerman, 1998:8) en ook waar persone (2) weggevoer is na 'n oorlog (Walvin, 1996:178, Drescher & Engerman, 1998:8). Soos in die paragrawe oor die ontstaan van slawerny gesien is, is persone ook (3) weggevoer vir suiwer ekonomiese redes. Persone wat (4) boetes en strawwe opgelê is en nie kon betaal nie, is ook in 'n vorm van binding teenoor die ander party geplaas (Testart, 2002:173).

Dit is dus opmerklik dat skuldslawerny vanaf 'n vroeë stadium in die geskiedenis reeds deel van die samelewings was. In hierdie navorsing word daar verder op skuldslawerny gefokus. Volgens Testart (2002:173) word die omvang van skuldslawerny onderskat. Onder die Indiane in California is beraam dat die skuldslawe tussen 5% en 10% van die bevolking uitgemaak het (Testart, 2002:174). Testart (2002:174) het die volgende tabel om die verskillende tipes en bronne van finansiële binding te toon, opgestel:

Tabel 1 – Tipes en bronne van finansiële binding

Tipes Bron	Slaaf (1)	Verpand (2)	Vrye werker (3)
Skuld (4)	Skuldslaaf	Verpand vir skuld	Werk om skuld terug te betaal
Verkoop (5)	Verkoop in slawerny	Verpand vir lening, kan aflos	Loonarbeid
Dobbel (6)	Slawerny weens dobbelary	-	In diens vir tydperk

(1) Die persoon is 'n uitgeworpene en word van sy regte en samelewing ontnaem.

(2) Die persoon is uitgelewer aan die krediteur omdat hy homself as borg gegee het vir skuld, maar behou meeste regte en word vry sodra die skuld terugbetaal is.

(3) Die persoon werk teen 'n tarief om skuld af te betaal.

(4) Die skuld word gewaarborg deur die skuldenaar se persoon. Die persoon word 'n slaaf nadat sekere voordele geniet of oortreding begaan is.

(5) Die skuld ontstaan deurdat 'n persoon homself/haarself in 'n binding plaas voordat voordele geniet is.

(6) Die skuld ontstaan deurdat 'n persoon dobbel met sy/haar eie vryheid as dobbelbete.

Dit blyk duidelik uit Tabel 1 dat skuldslawerny verskeie vorme en grade kon beloop het. Skuldslawerny was so aktueel dat dit self versinnebeeld is in Shakespeare se "Merchant of Venice".

4.3 Kenmerke van slawerny

Die verskeidenheid take en vorme wat slawerny beslaan het, maak dit moeilik om 'n opsomming daarvan te gee (Turley, 2000:4). Die mees algemeenste plig van slawe waaraan meestal gedink word, is dienswerk en dwangarbeid vir ekonomiese voordeel. In die volwasse vorm het slawerny groot swart bevolkings ingebring wat gewoonlik 'n klein elite wit gemeenskap se ekonomiese belange moes dien (Walvin, 1996:27).

Maar dit het oor meer as net die materiële gegaan. Slawe eienaars was gewoond daaraan dat die slawe wat oorleef het, siek mense in liggaamlike en geestelike gesondheid was (Walvin, 1996:36). Verder is slawe gereeld geslaan en selfs die wat dit ontkom het se sekuriteit was nooit gewaarborg nie (Walvin, 1996:59). Hulle was permanent onder dreigemente van pyn. Die Engelssprekende slawe sisteem het merkbare vlakke van inmenging in alle aspekte van die slawe se persoonlike sake vertoon (Walvin, 1996:68). Slawe is soms ook verblind om te keer dat hul wegloop (Taylor, 2001:38). Ons lees ook in Rigters 16 (Bybel, 1983) dat Simson se oë deur die Filistyne uitgesteek is. Verder is slawe soms ook geoffer (Igbafe, 1975:413).

Slawe is duidelik as sulks gemerk wat kon insluit 'n brandmerk, tatoeëermerk of naamkaart (Turley, 2000:30, De Vaux, 1963:85). Slawe is meestal gemerk met die naam van hul eienaars (Baker, 2001:22).

Ten einde slawerny te laat slaag was dit ook nodig dat die gemeenskap dit moes ondersteun. Die gemeenskappe wat slawerny toegepas het, het die slawe as minderwaardig beskou en die slawe het dan ook baie keer vanuit die oorlog wat verloor

is, vanuit 'n spesifieke ras of omdat die slaaf 'n misdaad gepleeg het so gevoel (Turley, 2000:2). Testart (2002:175) noem dat skuldslawerny 'n eienskap van 'n gemeenskap is waar die idee dat 'n persoon sy/haar vryheid kan verloor weens finansiële redes, gehuldig word - armoede word dus nou verbind aan die verlies van vryheid. Die karakter eienskappe van so 'n gemeenskap, volgens Testart (2002:194) is die volgende:

- Die gemeenskap aanvaar afhanklikheid;
- Verslawing vir suiwer finansiële redes is aanvaarbaar; en
- Daar is 'n magsbasis geskep (polities, welvaart, ens.).

Aan die anderkant was daar weer slawe wat baie voorregte geniet het (Drescher & Engerman, 1998:xi). Historikusse het in teendeel al verstom gestaan oor die voorregte en selfs vryheid wat sekere individuele slawe geniet het (Drescher & Engerman, 1998:ix). Daar was slawe wat goed versorg, vooruitstrewend en selfs welvarend was (Walvin, 1996:30). Toledano (1993:481) verwys egter na Pipes wat aangevoer het dat dit moontlik vir 'n slaaf was om welvaart, sosiale status en mag te hê en steeds eintlik net 'n slaaf te wees, aangesien die voorregte enige tyd van hom weggeneem kon word. Finansiële binding was dus nie noodwendig net aan 'n vlak van welvaart gekoppel nie.

Daar was ook die slawe wat uit eie vrye keuse by hul eienaars wou aanbly. Die redes waarom slawe sou wou aanbly sluit in:

- Om steeds by die gesin te wees aangesien vrouens en kinders onder sekere omstandighede nie vrygelaat is nie (Drescher & Engerman, 1998:92);
- Omdat die slaaf lojaal was (Drescher & Engerman, 1998:92);

- Vir die ekonomiese sekuriteit daarvan (Drescher & Engerman, 1998:92);
- Omdat dit vir 'n slaaf onmoontlik was om eie grond te bekom (Drescher & Engerman, 1998:4);
- Moeilike omstandighede om dadelik vir jouself te voorsien en die belastings te betaal (Drescher & Engerman, 1998:4); en
- Omdat dit moeilik was om met hele gesinne te vlug (Drescher & Engerman, 1998:4).

Meeste van die redes was dus nie omdat dit werklik tot voordeel van die slaaf was nie, maar eerder omdat daar nie 'n ander keuse was nie.

Laastens het slawe nie veel vooruitsigte gehad nie aangesien hul slawerny oorgeërf is deur hul nakomelinge (Walvin, 1996:30). Sommige het egter na werk en naweke (in hul vrye tyd) vir hulself in en om die huis gewerk. Die werk het hul in staat gestel om op materiële gebied 'n beter lewenstandaard te handhaaf soos wat die goedere wat in hul vrye tyd gemaak is, verkoop of verbruik is (Walvin, 1996:140). Die onafhanklike ekonomiese lewe het slawe in staat gestel om verbeterde onafhanklike sosiale lewens en groter verskeidenheid in hul privaatlewens te bewerkstellig (Walvin, 1996:150).

Ter opsomming kan daar dus gesê word dat:

- Die swakker mense in die gemeenskap onderdruk is;
- Daar ekonomiese voordeel vir die eienaar was;
- Daar was ook fisiese en geestelike gevolge;
- Slawe was gebrandmerk en kon uitgeken word;

- Die gemeenskap het die slawerny ondersteun;
- Slawe het soms ook voorregte geniet en kon self baie besit het, maar dit kon enige oomblik weggeneem word;
- Slawe het soms, weens verskeie redes, gekies om slawe te bly omdat hul nie anders kon nie;
- Slawe se vooruitsigte was beperk;
- Die slawerny is baie keer oorgeërf of oorgeërf na die kinders; en
- Slawe het ekstra werk in hul vrye tyd gedoen om hul lewenskwaliteit te verbeter.

4.4 Afskaffing

Slawe het gerebelleer deur fisiese weerstand, weghardloop en deur wraak te neem (Walvin, 1996:158-171). Dit het egter nie 'n dramaties bygedra tot die afskaffing van slawerny gemaak nie.

Voor die afskaffing van slawerny was daar periodieke debatte, maar dit het hoofsaaklik op die detail van wetgewing gefokus en nie die beginsels agter slawerny nie (Walvin, 1996:159). In Brittanje het die groei in "verligte denke" en kerstening van slawe meer en meer mense tot ander insigte gebring (Drescher & Engerman, 1998:10). Die eerste stappe deur die parlement in dié verband is in 1806 geneem en in 1832 is wetgewing vir die afskaffing in die kolonies goedgekeur (Drescher & Engerman, 1998:12). In die negentiende eeu (vanaf 1833) het dit die Britte, wat ironies deel van die ontstaan was, se doelstelling geword om slawerny af te stel (Drescher & Engerman, 1998:1).

In die res van Europa het regerings vanaf 1880 hul oog gedraai na die afskaffing van slawehandel (Drescher & Engerman, 1998:15). Frankryk het slawerny in 1874 in hul kolonies afgeskaf (Drescher & Engerman, 1998:2). Die hantering van die wetgewing in dié verband het egter jare nog gesloer. Slawehandel in die gekommersialiseerde Arabiese state gesentreer op Zanzibar en Franse en Portugese gebiede, is in 1880 deur David Livingstone blootgelê (Drescher & Engerman, 1998:3). Die wettige status van slawehandel in die gebiede is in 1897 afgestel (Drescher & Engerman, 1998:3).

Ook in Indië het die Britte slawerny in 1843 aangespreek. Die verandering was egter stadig en tussen 1846 en 1935 het 28 miljoen mense geëmigreer ten einde weg te hardloop van die werkgewers (Drescher & Engerman, 1998:9). In Asië is slawerny geleidelik vanaf 1851 tot 1926 uitgefaseer (Drescher & Engerman, 1998:9).

In Latyns Amerika is slawerny in 1888 in Brasilië afgestel. Dit was voorafgegaan deur Uruguay (1842), Colombia (1851), Ecuador (1852), Argentinië (1853), Venezuela (1854) en Peru (1855) (Drescher & Engerman, 1998:19-20). Amerikaanse kolonies het slawehandel in 1774 gestaak, maar dit was eers na die burgeroorlog dat slawerny in 1863 finaal afgeskaf is (Drescher & Engerman, 1998:27).

Die afskaffing van slawerny in Afrika het stadig gevorder en het vanaf 1850 tot 1926 geduur (Drescher & Engerman, 1998:36). In suidelike Afrika is slawerny in 1820 afgeskaf, maar gevalle van slawehandel is tot so onlangs as 1990 in Mosambiek aangeteken. In sekere lande (veral in Arabië) is slawerny eers onwettig verklaar tot so laat as 1970 (Drescher & Engerman, 1998:44).

In Afrika het die afskaffing van slawerny deur die kolonialiste nie altyd tot volle vrystelling gelei nie en is dit deur ander vorme van afhanklikheid vervang in gebiede (veral Suidelike-Afrika) waar groot Europese nedersettings was (Drescher & Engerman, 1998:31). Slawerny het in baie gevalle, onder druk plek gemaak vir dwangarbeid. Soos wat die mag van kolonialisme gegroei het, het die plaaslike bevolking nie meer nodig gehad om die slawehandel so baie te vrees nie (Drescher & Engerman, 1998:4). Met die afskaffing van slawerny is die term "vakleerlingskap" ook gebruik om die gelydelike oorgang te bewerkstellig. Die eienaars moes hul slawe oplei om die sosiale en ekonomiese werklikhede van emansipasie te hanteer en slawe moes ook opgelei word om ander werk te kan doen. In meeste gevalle het hulle dit nie gedoen nie en het slawe dit in elk geval teengestaan (Drescher & Engerman, 1998:63).

Die staat het 'n belangrike rol om slawerny teen te werk gehad (Testart, 2002:196). Slawerny het ontstaan weens ekonomiese redes en die afskaffing het gekom weens politieke redes:

- Verligte denke in die gemeenskappe (Drescher & Engerman, 1998:17);
- Inbeweeg in die era van revolusie (Drescher & Engerman, 1998:17);
- Koms van industriële kapitalisme (Drescher & Engerman, 1998:18); en
- Interne politieke druk in lande (Drescher & Engerman, 1998:18).

Die vraag kan met reg gevra word waar die kerk in die tyd van slawerny was, veral aangesien die Hebreeuse wette 'n eties aanslag gehad het. Christen leiers het slawerny vir die grootste gedeelte van die Middeleeue verdra (Drescher & Engerman, 1998:152).

Dit is hoofsaaklik van kort voor die Amerikaanse revolusie dat Christen leiers soos John Wesley van die Metodiste kerk en die Anglikaanse kerk begin het om morele vra oor die hantering van slawe te vra (Drescher & Engerman, 1998:152). Vir die grootste gedeelte van die negentiende eeu was daar tussen die verskillende denominasies en selfs in die denominasies verdeeldheid rondom die kwessie van slawerny. Die Rooms-Katolieke-, Lutherse- en Episkopalistiese kerke het dit as 'n moreel neutrale saak en dus hoofsaaklik sekulêr gesien (Drescher & Engerman, 1998:152).

Dit was eers na die burgeroorlog in die VSA dat dramatiese vordering op die gebied van die afskaffing van slawerny gemaak is. Die kerk het egter nie die rol wat die voorstanders van die afskaffing van slawerny gehoop hul sou speel, gespeel nie (Drescher & Engerman, 1998:155). Die beperkte effek wat die kerk op politieke gebied gehad het, word ook deur Fitzgerald en Spohn (2005:1) onderstreep. Bottum (2008:2) voer wel aan dat veldtogte soos die teen slawerny meestal 'n sekondêre effek van godsdienst se invloed op Amerika was. Calhoun-Brown (2000:169) toon aan dat die "swart kerk" in die VSA wel 'n bydrae gelewer het, maar verwys na ander skrywers wat aanvoer dat die bydra deur die "swart kerk" oorskat word.

Dit is dus duidelik dat die afskaffing van slawerny nie oornag gebeur het nie en dat slawe-eienaars deur wetgewing en morele druk daartoe moes instem aangesien dit nie ekonomies sou sin maak nie. Verder was dit ook jammer dat die kerk nie 'n groter direkte rol in die afskaffing gespeel het nie.

5. FINANSIËLE KRISISSE

Die gedeelte spreek doelwit twee aan, naamlik om die literatuur te ondersoek aangaande onlangse finansiële.

5.1 Onlangse krisis

Sedert die 1980's het globalisering tot toenemende fluktuasies op internasionale finansiële markte gelei. Sommige hiervan het ontaard in finansiële krisis, probleme vir banke en wisselvalligheid in markte. Enkele van die krisis van die afgelope 15 jaar word hieronder beskryf. Voor die Meksikaanse krisis in 1994 het soortgelyke krisis reeds in 20 ander lande, insluitend in Swede in 1992, voorgekom (Gil-Dias, 1997).

5.1.1 Die Meksikaanse krisis

Die Meksikaanse finansiële krisis in 1994 is voorafgegaan met 'n groei in kredietkaartskuld, verbruikerskrediet en huisverbanke van tussen 65% en 341% per jaar in reële terme (Williams, 2001:41)). Dit het gebeur na die liberalisering van die Meksikaanse handels- en finansiële sektore en 'n gevaardgaande invloei van buitelandse kapitaal (Gil-Dias, 1997:1). Gil-Dias (1997:1) voer ook aan dat swak beheer in die finansiële sektor baie tot die toestaan van oormatige krediet bygedra het. Die tafel was gedek vir 'n krisis met oorgretigheid vir krediet, buitensporige spandering en aansienlike korttermyn skuld (Gil-Dias, 1997). Die krisis in Mexiko het volgens Williams (2001:31) tot gevolg gehad dat:

- daar min kontant in sirkulasie in die ekonomie was;
- regeringsubsidies afgeskaal is;

- belastings verhoog is;
- persone hul werk verloor het en salarisaanpassings vasgestel is;
- rentekoers dramaties verhoog is; en
- die regering banke wat in die moeilikheid was moes oorneem, wat neergekom het op her-nasionalisering.

Al bogenoemde het die koopkrag in die ekonomie dramaties verlaag.

Gedurende die Meksikaanse krisis het boere en ander produseerders aangevoer dat hul rol in die nasionale ekonomie geraak word deur spekulante in die globale ekonomie (Williams, 2001:32). Die groep met ongeveer 500 000 lede vanuit alle klasse van die samelewing wat as die "Brazon" bekend gestaan het, het die regeerbaarheid van Meksiko bedreig (Williams, 2001:38).

5.1.2 Die Asiese krisis

Voor die 1997 Asiese finansiële krisis het die grootste deel van Asië geopereer in 'n omgewing gekenmerk deur hoë vlakke van spaar en belegging, groot groei en gematigde inflasie (Moreno, 1998:1). Sedert die tweede helfte van die 1980's was daar 'n skerp toename in bate waardes, veral aandele en grond asook groot toenames in die uitneem van korttermyn buitelandse lenings (Moreno, 1998:1). Die ekonomieë het groot buitelandse kapitaalinvloei ervaar wat dit kwesbaar vir finansiële paniek gemaak het (Moreno, 1998:1). Verder word ook aangevoer dat die finansiële stelsels swak was en nie aangemoedig was om risikobestuur toe te pas nie aangesien regerings baie van die skuld gewaarborg het (Moreno, 1998:1). Na die middel 1990's het 'n reeks eksterne

skokke uitvoerinkomste dramaties geaffekteer en die ekonomie het afgekoel en bate pryse het begin daal en in die jaar na die krisis het die Asiese geldeenhede met tussen 35% en 83% teen die VSA dollar gedeprimeer en aandeelpryse het met 40% tot 60% gedaal (Moreno, 1998:1).

Pilbeam (2001:111) voer ook aan die Asiese krisis deur maklike lenings en spekulatiewe buitelandse beleggings veroorsaak is.

5.1.3 Huidige internasionale krisis ingelei deur die krisis in die VSA

Die finansiële krisis wat ontstaan het op 9 Augustus 2007 het die vertroue in vryemark logika en self-regulering geskaad.

Die mikro ekonomiese sisteem probleme wat verantwoordelik was vir die krisis sluit in (Buiters, 2008:1):

- (1) sekurisasie – banke se bates (verbande, lenings ens.) was redelik illikied bates.

Met die koms van sekurisasie kon die bates (soms in pakkette) verkoop word aan spesiale doel entiteite wat daarvoor betaal het deur hoofsaaklik effekte uit te reik. Dit het geleenthede gebring om risiko te verskans maar ook om meer risiko te neem. Die probleem hiermee was dat die inligting oor die kwaliteit van die verbande ensovoorts by die oorspronklike genereerder van die verband gebly het, wat in sommige gevalle slegs 'n agent van die bank was. Die risiko verbonde aan die instrumente is verder hanteer asof dit nie bestaan het nie (Buiters, 2008:4);

- (2) Fundamentele gebreke by graderingsagentskappe – Die agentskappe het nie noodwendig al die inligting van die genereerder gehad nie en terselfdertyd was

die strukture baie kompleks. Die modelle wat gebruik is om die instrumente te gradeer was verder modelle van die ontwerpers en verkopers van die strukture wat dus 'n konflik van belange tot gevolg gehad het (Buiter, 2008:6);

- (3) Die pro-sikliese effek van hefboom en die Basil vereistes – Indien die waarde van bates toeneem (soos wat gebeur het) kan meer krediet teen die waarde van die bates bekom word. Indien daar meer krediet beskikbaar is plaas dit verdere opwaartse druk op die waarde van bates. Daar ontstaan dus 'n opwaartse druk op batepryse. Verder, in tye van ekonomiese opswaai kan 'n kleiner kapitaal houding volgens die Basil kapitaal toereikendheidsvereistes 'n groter bedrag bates steun (Buiter, 2008:11). Probleme ontstaan egter as die siklus omswaai;
- (4) Bonusstelsels, baie keer gebaseer op ongerealiseerde winste, in die finansiële sektor het die neem van oormatige risiko aangemoedig (Buiter, 2008:13);
- (5) Oneffektiewe finansiële voertuie – meeste van die spesiale voertuie geskep om die transaksies te hanteer is gedoen om verby regulatoriese vereistes (soos minimum kapitaal) te kom of belasting te bespaar (Buiter, 2008:12);.
- (6) Om finansiële instellings te trek is globale regulering verslap (Buiter, 2008:14);

Die makro ekonomiese posisie was as volg (Buiter, 2008:12):

- (1) Laer ekonomiese groei as wat aanvaar is (Buiter, 2008:16);
- (2) Dalende rentekoerse weens toenemende beskikbare geld vir investering in lae/risikovrye bates (Buiter, 2008:17)
- (3) Toename in skuldfinansiering (Buiter, 2008:18).

Die tafel was gedek vir 'n krisis. Baie beskikbare beleggers en min goeie beleggings het beleggers na die nuwe instrumente gelok. Die gewers van die lenings het sterk intensiewe gehad om in die stygende vraag na laer kwaliteit lenings te voorsien. Aan die

ander het die relatief lae rentekoerse, toegang tot ekwiteit in verbande en stygende huispryse wat huiseienaars laat voel het dat hul baie ryker is en daar was ook maklike toegang tot hoër risiko (sub-prima) lenings in die mark (Dickenson, 2008:135). Leners is toegelaat om verbande uit te neem in sommige gevalle sonder bewys van inkomste, sonder enige deposito en self oor termyne van soveel as 50 jaar. In sommige gevalle het persone ook lenings met aanvanklike lae paaiemente gekry wat na die intree tyd aansienlik verhoog het (Dickenson, 2008:135).

Soos wat die risiko toegeneem het en die werklike rente koerse op die sub-prima lening begin inskop het, het die aantal persone wat nie hul skuld kon betaal nie begin toeneem. Dit het 'n vraagteken geplaas op die waarde van die sekuriteit wat gehou is vir die verbande. Die minimum kapitaal vereistes van banke was in gedrang en wantroue het nie net tussen banke en deposito houers en beleggers ontstaan nie maar ook tussen banke onderling. Die onsekerheid het daartoe gelyk dat in August 2007 daar bykans 'n stilstand in die groothandel kapitaalmarkte, insluitend die interbank markte was (Buiters, 2008:21). Dié krisis het verder van die wêreld se grootste ekonomie, die VSA, na die res van die wêreld oorgespoel (Hart, 2008).

Persone wat tans dus die meeste vasgevang word, sluit in dié wat nie die vermoë het om verhoogde huispaaieimente te betaal nie en die feit dat dit baie moeilik is om 'n eiendom te verkoop om van die skuld ontslae te raak (Anderson & Lankford, 2008:84). Die huidige finansiële krisis waarin aandeelpryse ook met 30% in die VSA gedaal het is egter nie uniek nie. Daar was sedert die groot depressie van die 1930's 11 keer beermarkte in die VSA waar die gemiddelde daling 32% was en die grootste daarvan 48% (Schurenberg, 2008:1).

Pittifor (2008:28) toon aan dat sommige ekonome in 2003 reeds die huidige krisis voorspel het maar dat ander ekonome, politikusse en verbruikers nie die risiko verstaan het nie. Williams (2001:32) voer verder aan dat daar in die verlede min openbare debat, waar finansiële krisisse biljoene dollar se verliese weens slegte skuld tot gevolg gehad het, was. Miskien is dit juis daaroor dat niemand die moontlikheid van die huidige krisis wou raaksien nie.

Tot einde Oktober 2008 is ongeveer R 46 Triljoen rand (Anon, 2008) in hulppakkette in verskeie lande vir die teenwerking van die krisis bewillig. Die omvang hiervan kan verstaan word in die lig van die totale waarde van die SA aandele beurs van R 4.427 triljoen rand op 31 Oktober 2008 (JSE, 2008).

5.1.4 Die Suid-Afrikaanse posisie

Die Finweek tydskrif (Anon 2007b:60) beskryf die volgende veranderinge in die Suid-Afrikaanse finansiële sektor. In Suid-Afrika was finansiële instellings ook maar net te gretig om verbande toe te staan. Dit het egter in 2007, voor die huidige internasionale krisis verander. Tot voordeel van Suid-Afrika het die Nasionale Kredietwet van 2005 die huidige gebeure voorafgegaan. Die National Credit Act (34/2005) het ten doel om :

- 'n regverdig en nie-diskriminerende mark vir die toegang tot verbruikerskrediet daar te stel, en voorsien om die rede onder andere:
 - die stelsel vir die algehele regulasie van verbruikerskrediet;
 - verbeterde standaarde vir verbruikersinligting;
 - 'n verbod op onregverdig kredietpraktyke; en

- o die aanmoediging van verantwoordelike kredietverlening en daardeur die verbod op roekelose krediet verlening;

Die wet het dus die gesig van skuld invordering verander deur groter beskerming en skuld verligting te bied in die geval van oormatige skuld en roekelose krediet verskaffing (Van Heerden en Otto, 2007:655. Die hoof eienskappe sluit in dat die taal van die kredietooreenkoms eenvoudig en verstaanbaar moet wees, advertensies en bemerking die voorgeskrewe inligting rakende die koste van die krediet moet bevat, kredietbemarking by 'n persoon se woning of werk beperk word en outomatiese verhoging van kredietlimiete verbied word (National Credit Regulator, 2006?). Die wet maak voorsiening dat kredietverskaffer onder andere behoorlik ondersoek doen na die betaalvermoë van die voornemende skuldenaar en ook dat die finansiële instelling wat roekeloos was in die toestaan van skuld in die moeilikheid kan beland en die lening selfs gekanselleer kan word (Anon, 2007b:60, Otto, 2007:27). Die wet maak verder ook voorsiening vir reëls rondom kredietburo's (wat inligting aangaande verbruikers se kredietgeskiedenis verskaf, verligtingsmeganismes (byvoorbeeld skuldher siening en kredietberading), die oorgawe van goedere en afkoelperiodes (Otto, 2007:27-28).

Die Suid-Afrikaanse bank was dus beter verskans teen die oormatige krediet wat oorsee toegestaan is, maar die stygende rentekoerse het hul nie skotvry daarvan laat afkom nie. Die daling van meer as 30% in die Suid-Afrikaanse beurs het ook nie ongesiens verbygegaan nie.

5.2 Elemente van die krisis

Uit die bogenoemde paragrawe blyk dit dat daar 'n aantal elemente is wat in die ooploop na die genoemde krisis voorgekom het:

- Toenemende verbruikersbesteding;
- Afname in reële salarisse;
- Toename in skuld; en
- Spekulasie.

5.2.1 Toenemende verbruikersbesteding

Volgens Foster (2006:1) spandeer die onderste 60% van die huishoudings in die VSA al hul inkomste op verbruikersbesteding. Die volgende 20% spandeer 5/6 van hul inkomste op verbruikersbesteding, terwyl die oorblywende deel meeste van hul bestebare inkomste belê (Foster, 2006:1). In 'n artikel van Dickenson (2001:136) voer sy aan dat een van die groot redes vir die oormatige skuld in die VSA, die verbruikersingesteldheid is, wat maak dat die VSA meer verbruik as wat hul produseer. Vanaf 1994 tot 2004 het verbruikersbesteding vanaf 67% tot 70% van die Bruto Binnelandse Produk (BBP) toegeneem (Foster, 2006:2). Dickenson voer verder aan dat die VSA tans 'n negatiewe spaarkoers het omdat die "babyboomers" besig is om hul aftrekgeld te spandeer (Dickenson, 2001:137).

Volgens Anderson & Lankford (2008:84) kom baie laste ook weens die spesifieke fase in die gesinslewensiklus voor. Groot uitgawes in spesifieke fases in gesinne sluit in klein kindertjies met uitgawe-items soos doeke, melkformules en dagmoeders en by ouer persone, hoër mediese koste. Die hoë egskedingsyfers is algemeen bekend.

Waar persone nie na egskeiding afskaal nie word daar ook dikwels in skuld geval omdat verbruikersbesteding nie afgeskaal word nie (Anderson & Lankford, 2008:88).

Volgens Salzman (2008:18) is die posisie in die VK nog slegter as in die VSA. Totale verbruikerskrediet is volgens haar hoër as die BBP wat nie die geval in die VSA is nie. Verder spandeer 4.8 miljoen Britte maandeliks meer as wat hul verdien.

Wat verder kommerwekkend is, is dat kinders al meer die teken van advertensie veldtogte word ten einde verbruikersbesteding aan te moedig (Valkenburg, 2000:53). Volgens Valkenburg en Cantor (2001:61) is dit omdat kinders in die Westerse samelewing baie geld tot hul beskikking het, hul die toekomstige verbruikers is en omdat hul markte beïnvloed weens hul insae in huishoudelike besluite.

Ook in Suid-Afrika is die hoë vlak van verbruikersbesteding sigbaar. Volgens 'n verslag van die Sentrale Statistiek Diens (2006:1) word 60% van Suid-Afrikaanse huishoudings se besteebare inkomste gespandeer op behuising, vervoer en voedsel. Die spaarpersentasie van huishoudings was verder, in September 2008, 'n skamele 1.4% van BBP (Suid-Afrikaanse Reserwebank, 2008:11).

5.2.2 Afname in reële salarisse

Foster (2006:2) voer aan dat sedert die laat 1990 reële lone in die VSA agterweë gebly het en selfs tussen 2003 en 2004 met 0.8% afgeneem het. Hy voer aan dat meeste gesinne dit teengewerk het deur langer ure te werk en meer werke in die huishouding in te bring (Foster, 2006:2).

In Suid-Afrika het nominale salarisverhogings in die formele sektor (uitgesluit landbou) 12.3% beloop in die eerste kwartaal van 2008 gemeet oor 'n 4 kwartaal periode. (Reserwebank, 2008:14). Volgens Schussler word gemiddelde salarisverhogings van 12% vir die jaar verwag (Schussler, 2008:1). Inflasie het teen September 2008 13.6% bereik (Manual, 2008:7). Hoewel dit moeilik is om die syfers te vergelyk wil dit tog voorkom of salarisse in Suid-Afrika in reële terme in 2008 kon verswak het.

Schussler toon egter aan dat salarisverhogings in SA in 2007 ongeveer 2.7% bo die CPIX inflasie was en dat ooreenkomste algemeen CPIX is plus 1 of 2% aanpassing vir produktiwiteitsverbetering (Schussler, 2008:1).

Twee maniere om die reële afname in salarisse en toenemende verbruiksbesteding teë te werk is deur 'n tweede inkomste te genereer of om die tekort met skuld te finansier. Verskeie onlangse publikasies wys die tendens uit (Barker, 2008; James, 2008; Broad, 2008). Die toename in skuld word in die volgende paragraaf aangespreek.

5.2.3 Toename in skuld

Soos reeds genoem is een van die maniere om laer reële salarisse en toenemende verbruiksbesteding teë te werk om die tekort uit skuld te finansier. Foster (2006:2) voer dan ook aan dat al meer gesinne wat bo hul vermoë leef dit finansier met skuld. Hy toon verder aan dat uitstaande verbruikerskrediet as persentasie van besteebare inkomste vanaf 1975 tot 2005 vanaf 62% tot 127% verdubbel het. Die navorsing van Foster (2006:3) toon ook aan dat in die VSA die middelklas ten opsigte van skuldterugbetalings

die hoogste las het met betalings wat 19.4% van die besteebare inkomste beloop. Dit maak sin aangesien die groep gewoonlik kwalifiseer vir meer krediet as die armer groep, maar nie dieselfde voordele en finansiële posisie as die ryker klasse geniet nie. Foster se navorsing toon aan dat die aantal families wat 40% en meer aan skuldterugbetalings spandeer vanaf 27% by die laer inkomste groepe wissel tot 13.7% by die middel inkomste groepe (2006:5). Waar die middelklas klaarblyklik meer blootgestel is aan motor- en studieskuld is laer inkomste groepe blootgestel aan betaaldaglenings, motorlenings en sub-prima lenings. Daar is ook die geval van deurlopende onttrekking uit huisverbande ten einde ander skuld af te betaal en lewenstandaard te handhaaf (Foster 2006:8). Verder wissel die getal huishoudings wat skuld het wat meer as 60 dae uitstaande is tussen 15.9% en 10.4% by die laer en middel inkomste groepe onderskeidelik.

Volgens Parker (1997:22), is daar miljoene mense wêreldwyd wat geen genot uit hul maandelikse salaris put nie, omdat plastiek- en ander skuld alles insluk. In 'n opname (Anon:2007a:8) wat in Augustus 2008 in die VSA gedoen is, is getoon dat verskeie groepe in die samelewing probleme met skuldterugbetalings ondervind. Die resultate word in Tabel 2 getoon:

Tabel 2 – Groepe met skuldprobleme

Generasie	Ouderdom	% persone met skuld terugbetalingsprobleme
Y	18-30	26%
X	31-42	47%
"Baby Boomers"	43-61	39%
Gemiddeld		35%

Fitch *et al.* (2007:128) voer aan dat in 2005 64% van persone in die lae inkomste groep in die VK (minder as 9500 pond per jaar per huishouding) skuldprobleme ondervind het. In die groep is ook 'n groot groep persone met geestesongesteldheid. Dit wil dus weer eens voorkom of die weerloses van die samelewing ook nie die skuldprobleem vryspring nie en selfs uitgebuit kan word.

Foster (2006:6) rapporteer ook 'n dramatiese toename in kredietkaartskuld en rentekoerse gehef op kredietkaarte wat meegebring het dat die winste wat kredietverskaffers maak vanaf 28% in 2003 na 39% in 2004 toegeneem het. In die VSA korreleer kredietkaartskuld dus ook met insolvensies (Dickenson,2001:138). Die redes wat aangevoer word vir die groot hoeveelheid kredietkaart skuld sluit in:

- Dat persone nie die aard en koste van kredietkaartskuld verstaan nie;
- Dat persone kredietkaarte gebruik om die maandelikse begroting te balanseer en dus nie omgee oor die koste nie;
- Die manier waarop kredietkaarte bemark word;
- Die onvermoë van verbruikers om selfbeheer toe te pas.

In teenstelling met goeie besigheidsbeginsel voer Dickenson (2001:138) aan dat uitreikers van kredietkaarte juis die hoë risiko verbruiker teiken aangesien die meeste wins uit hul gemaak kan word en aangesien hul die waarskynlikste is om langtermyn kredietkaart gebruikers te wees. So byvoorbeeld, het die posaanbiede van kredietkaarte aan persone wat op die punt staan om hul huise in die sub-prima krisis te verloor toegeneem. Persone wat swak kredietrekords het, persone wat naïef is of

beperte toegang tot ander skuld het, kan hoër rentekoerse en koste gevra word en dit is dus baie meer winsgewend.

Foster (2006:10) voer verder aan dat die krisis in die VSA ekonomie weens die ongenaakbare strewe na welvaart deur 'n klein groepie in die samelewing ten koste van die hele bevolking is. Halteman (2008:13) ondersteun ook die aanspraak dat die gebeure veroorsaak is deur die gulsigheid van makelaars en beleggingsbanke.

Soos reeds genoem het meeste mense 'n keuse oor die skuld wat hul aangaan en dus die meegaande skuldlas. Dit kan egter gebeur dat die skuldlas geaktiveer word deur 'n enkele onvoorspelbare gebeurtenis, soos 'n onverwagte mediese rekening of aflegging by die werk (Anderson & Lankford, 2008:82). Anderson & Lankford (2008:82) voer ook aan dat baie mense geen marge vir foute en onvoorspelbaarheid in hul finansiële beplannings laat nie. Weens trots is dit dan ook baie keer moeilik vir dié persone om raad te vra (Anderson & Lankford, 2008:84).

In Suid-Afrika was die totale aantal skuldverwante dagvaardigings uitgereik in 2007 ten opsigte van privaatpersone, vir nie betaling van skuld 1,318,425 (Sentrale statistiek Diens, 2008b:5). Volgens die Sentrale Statistiek Diens (2006:42) was die bevolking vir 2005/2006, 47 miljoen. Die aantal skulddagvaardigings verteenwoordig dus 2.8% van die totale bevolking. Die persentasie van skuld tot besteebare inkomste het aan die begin van 2008 op net onder 80% van die besteebare inkomste gedraai (Suid-Afrikaanse Reserwebank, 2008:2). Ook in Suid-Afrika kan die probleem met die skuldlas dus bespeur word.

5.2.4 Spekulاسie

Daar is reeds genoem dat produsente in Meksiko aangevoer het dat hul blootgestel is aan spekulante. Met die styging in huispryse het persone gevoel dat hul nie 'n beter eiendom sou kon bekostig as hul sou wag nie en dié wat dan 'n nuwe eiendom gekoop het, het die bestaande eiendom gehou om te verhuur in die verwagting dat pryse verder sal styg (Anderson & Lankford, 2008:84). Verder het persone nie altyd in ag geneem dat daar ook nog versekering, instandhouding, belastings ensovoorts betaalbaar is op huurhuise nie, om nie eers van huurwanbetaling of leegstaan te praat nie (Anderson & Lankford, 2008:84; Dickenson,2008:140).

Reeds in 1936 het die bekende ekonoom Keynes in sy boek "The General Theory of Employment, Interest and Money" (1932) geargumenteer dat batepryse nie gereeld bepaal word deur langtermyn fundamentele aspekte in die mark nie, maar eerder professionele beleggers wat nie belangstel in wat die instrument vir die koper werd is nie, maar hoe die mark die bate sal evalueer. So byvoorbeeld voer Mangu-Ward (2008:1) aan dat spekulante 20 jaar gelede vir sowat 21% van die oliehandel verantwoordelik was, terwyl dit vandag sowat 66% behoort. Sy sê verder dat elke olievaat ongeveer 20-keer verhandel word voordat dit uiteindelik gelewer en gebruik word.

6. Die verband tussen slawerny en die oorsake vir die huidige finansiële krisis

Die paragraaf spreek doelwit drie aan, naamlik om die verband tussen slawerny en die oorsake vir die huidige finansiële krisis te ondersoek. Vanuit die paragrawe oor die ontstaan van slawerny en die tipes slawerny is getoon dat finansiële afhanklikheid en – bindings baie eeue reeds in verskeie vorms in samelewings voorkom. Dit was hoofsaaklik in die vorm van volle lewenslange slawerny, verpanding totdat die skuld betaal is en dwangarbeid. Die armste deel van die bevolking was dus ook die kwesbaarste as dit gekom het by die moontlikheid om in finansiële afhanklikheid of slawerny te verval.

In die inleiding is sekere kenmerke van slawerny in die algemeen geïdentifiseer. Daar is ook verskeie elemente van die onlangse finansiële krisis geïdentifiseer. In Tabel 3 word gepoog om 'n verband tussen die twee te trek en aan te toon dat die kenmerke ook van toepassing op finansiële afhanklikheid is.

Tabel 3 Die verband tussen slawerny en die elemente van die huidige finansiële krisis

SLAWERNY KENMERKE (par 4.3)	MODERNE FINANSIËLE BINDING
Die swakker mense in die gemeenskap is onderdruk.	Die persone wat reeds swak kredietrekords gehad het, naïef is en beperkte toegang tot ander skuld het word op gefokus (par 5.2.3). Daar is ook in die VK gesien dat selfs persone met geestesongesteldheid deur skuld vasgevang is (par 5.2.3). Die armer deel van die bevolking spandeer die grootste deel van hul inkomste op verbruikersbesteding (par 5.2.1). Spekulante wil groot winste maak en gee nie regtig om as die markte deurmekaar gekrap word nie (par 5.2.4). Verder word daar ook op kinders gefokus (par 5.2.1)
Daar was ekonomiese voordeel vir die eienaar.	Die hoof rede agter die roekelose uitleen is die potensiële hoë winsmarges en gulsigheid (par 5.2.3). Die toestaan van krediet laat meer mense geld bestee wat weer die winste terugplaas in die hande van die ryker deel van die bevolking (par 5.2.1). Spekulante wil groot winste maak en gee nie

	regtig om as die markte deurmekaar gekrap word nie (par 5.2.4)
Daar was ook fisiese en geestelike gevolge.	Weens trots is dit moeilik vir persone met skuldprobleme om raad te vra. Verder is daar ook baie emosie by betrokke (par 5.2.3).
Slawe was gebrandmerk en kon uitgeken word.	Persone word gebrandmerk met 'n kredietrekord (par 5.2.3).
Die gemeenskap het die slawerny ondersteun	Die samelewing aanvaar dat dit maar die banke se besigheid is en die verbruiker die vrye keuse het. Dit kan gesien word in die min debat wat hieroor toegelaat (par 5.1.3) is en die bereidwilligheid van regerings om in te gryp en te help (par 5.1.3)
Slawe het soms ook voorregte geniet en kon self baie besit het, maar dit kon enige oomblik weggeneem word.	Dit is nie net die armstes wat geraak word deur die finansiële krisis nie (par 5.2.3). Die middelklas en selfs meer welaf persone word geaffekteer.
Slawe het soms, weens verskeie redes, gekies om slawe te bly.	Omdat reële salarisse afneem, werk mense al meer (par 5.2.2).
Slawe se vooruitsigte was beperk.	Die armeste deel van die bevolking gee meeste van hul inkomste uit op verbruikersbesteding. Daar word ook min gespaar ten einde kapitaal op te bou (par 5.2.1). Dit is dus onwaarskynlik dat hul finansiële posisie sal verbeter.
Die slawerny is baie keer oorgeërf.	Ouers dra die swak finansiële bestuur oor op hul kinders as kinders nie die geleentheid gegun word om uit ouers se foute te leer nie of probleemhantering nie met kinders behandel word nie (Lyon, 2008:1).
Slawe het ekstra werk in hul vrye tyd gedoen om hul lewenskwaliteit te verbeter.	Mense doen ekstra werk om hul lewensstandaard te handhaaf en skuld te kan betaal (par 5.2.2).

Dit wil dus voorkom of daar op hierdie gebiede 'n baie sterk verband tussen die huidige finansiële gebeure in huishoudings en die kenmerke van slawerny is.

Dit lyk ook of die kerk weereens nie 'n aktiewe rol speel nie. Soos in die inleiding genoem het WARC reeds in 2004 'n oproep op ryk lande gedoen om mededeelsaam te wees. Die verklaring verwerp spesifiek drie ekonomiese aspekte; internasionale finansiële- en handelsorganisasies, globalisering en die neoliberale wêreldorde. Dit blyk egter dat die oproepe niks meer as oproepe kan bly nie aangesien geen genootskap wat deel van die WARC is se outonomie deur enige besluit geraak kan word nie

(Rossouw, 2007:262). Rossouw toon aan dat die WARC reeds sedert 1980 besorg is oor die ekonomiese onregverdighede (2007:263). Dit het hul egter 24 jaar geneem om 'n nie-bindende verklaring hieroor uit te reik. In 2006 het die Diakonia Raad van Kerke "The Oikos Journey" dokument uitgereik, wat deels 'n uitvloeisel van die Accra-verklaring was, maar met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks. Die kerk maak planne teen armoede.

Die verklaring en dokumente spreek wel die ekonomie aan, maar wat die effek daarvan is, is nie duidelik nie. Volgens Button (2008:3) is die hoofstroom kerk wat die staat beïnvloed het in Amerika dood en het die politieke uitsprake van byvoorbeeld die "United Church of Christ" 'n gebrek aan invloed (2008:12). Hy voer ook aan dat kerke se desperate honger om meer te beteken in die politiek en ekonomie die kerk juis minder effektiewe opponente tot die politieke en ekonomiese druk gemaak het (Button 2008:14).

7. Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

7.1 Samevatting

Dit is dus duidelik dat slawerny reeds vir ongeveer 5000 jaar, in 'n mindere of meerdere mate in samelewings voorkom. Daar is vandag steeds verbuigde vorms van slawerny. Waar slawerny teengewerk is, het dit nie om ekonomiese redes plaasgevind nie en het dit gewoonlik lank geneem op uit te skakel. Een soort slawerny is ook baie keer vervang met 'n ander soort. Een van die vorms van slawerny, naamlik skuldslawerny, kom vandag steeds voor.

Ter opsomming kan daar dus gesê word dat die volgende kenmerke by slawerny bestaan:

- Die swakker mense in die gemeenskap onderdruk is;
- Daar ekonomiese voordeel vir die eienaar was;
- Daar was ook fisiese en geestelike gevolge;
- Slawe was gebrandmerk en kon uitgeken word;
- Die gemeenskap het die slawerny ondersteun;
- Slawe het soms ook voorregte geniet en kon self baie besit het, maar dit kon enige oomblik weggeneem word;
- Slawe het soms, weens verskeie redes, gekies om slawe te bly omdat hul nie anders kon nie;
- Slawe se vooruitsigte was beperk;
- Die slawerny is baie keer oorgeërf; en
- Slawe het ekstra werk in hul vrye tyd gedoen om hul lewenskwaliteit te verbeter.

Daar is vier elemente geïdentifiseer wat in onlangse finansiële krisis voorgekom het:

- Toenemende verbruikersbesteding;
- Afname in reële salarisse;
- Toename in skuld; en
- Spekulاسie.

Vanuit die kenmerke van slawerny en die elemente van die finansiële krisis is getoon dat daar 'n duidelike verband tussen die twee bestaan. Die bogenoemde bevinding toon

aan dat H_0 , dat die huidige finansiële krisis gedeeltelik verklaar kan word deur 'n vorm van finansiële slawerny, aanvaar kan word.

7.2 Gevolgtrekking

Uit die studie blyk dit dat dieselfde dryfveer wat mense gemotiveer het om slawerny toe te pas, ook groot korporasies en self individue vandag motiveer om 'n groot deel van die bevolking vasgevang te hou in 'n spiraal van toenemende verbruikersbesteding. Die verbruikersbesteding word gefinansier deur persone wat meer van hul vrye tyd vir betaling aanbied of meer krediet opneem. Uit die ongenaakbare wyse waarop krediet geadverteer word blyk dit dat daar min respek of bekommernis oor die welstand van diegene is wat in die skuldweb vasgevang word.

As die afskaffing van tradisionele slawerny dus as riglyn kan dien, sal die beëindiging van finansiële slawerny nog lank kan duur. Die groot verskil met die huidige finansiële slawerny en tradisionele slawerny is moontlik dat die beëindiging kan plaasvind weens ekonomiese redes. Die bereidwilligheid van die wêreldregerings om in te gryp kan egter veroorsaak dat die stelsel nog veel langer in stand gehou sal word. Dit sal dus ook weer nodig wees dat politieke en ander druk toegepas sal moet word soos gesien is met die afskaffing van slawerny.

Die gebeure in Meksiko het daartoe gelei dat mense in opstand teen die regering se beleid en onvermoë gekom het om hul te beskerm teen die terugneem van hul eiendom (Williams 2001:34). Die "Braxton" beweging mag moontlik dui op toekomstige gebeure in die era van finansiële globalisering (Williams, 2001:47). Foster (2006:10) voer aan dat

die tyd ryp is vir 'n opstand in die werkersklas. Die optogte wêreldwyd teen die hoë voedselpryse is moontlik 'n voorloper hiervan.

7.3 Aanbevelings

Anderson & Lankford (2008:86) beveel die volgende 5 maniere aan om uit skuld moeilikheid te kom:

- Breek skuld af in kleiner hanteerbare gedeeltes en betaal die duurste skuld eerste;
- Hou rekords van alle spanderings sodat jy kan sien waar jy behoort te besnoei;
- Moet nie enige betalings oorslaan nie aangesien dit jou kredietrekord nadelig raak;
- Verhoog inkomste deur ekstra ure te werk of 'n tweede inkomste, en
- Kry hulp sodra 'n probleem voorsien word en nie eers as dit feitlik te laat is nie.

Uit die huidige krisis kan ook aanbeveel word dat:

- Ouers erns maak met die finansiële opvoeding van hul kinders;
- Persone hulself bekwaam om nie slagoffers van gewetenlose bemarkers te word nie; en
- Daar altyd ruimte in begrotings gelaat word vir minder gunstige uitkomst.

Die Bybel (1983) bied ook heelwat riglyne oor die hantering van skuld aan, wat insluit:

- 'n Waarskuwing oor die aangaan van skuld

- "Die ryke heers oor die arme; die lener is die slaaf van die man by wie hy leen" (Spreuke 22:7)
- 'n Waarskuwing teen borgstaan
 - "Dit gaan sleg met hom wat vir iemand borg staan; die man wat weier om borg te staan, is veilig" (Spreuke 11:15)

Paulus gaan inteendeel sover as om in Romeine 13:8 (Bybel, 1983) te sê dat ons niemand iets verskuldig moet wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.

Miskien is dit ook nou tyd dat die kerk, anders as met slawerny in die negentiende eeu, 'n baie sterker standpunt moet inneem oor die huidige moderne finansiële slawerny. Dit gaan waarskynlik nie op nasionale vlak gebeur nie, maar elke gemeente sal die saak prakties moet aanpak.

BIBLIOGRAFIE

- ANDERSON, J.L. & LANKFORD, K. 2008. Live debt-free. *Kiplinger's Personal Finance*. 11: 81-88.
- ANON. 2007a. Many Americans have problems paying down debt. ISO& Agent, August 2007:8.
- ANON. 2007b. Be careful what you wish for: Mortgages and other credit and interest agreements. *Finweek*. 20 December 2007:60.
- ANON. 2008. Crisis in Credit. Reuters. <http://www.reuters.com/specialcoverage>. Datum gebruik: 30 Oktober 2008.
- BAKER, H.D. 2001 Degrees of freedom: slavery in mid-first millenium BC Babylonia. *World Archaeology*, 33(1):18-26.
- BARKER, I. 2008. Thousands take summer jobs to make ends meet. *The Educational Supplement*, 4799:6.
- BLAGBROUGH, J. 1999. Child Domestic Workers. *Childhood*, 6(1):51-56.
- BOTTUM, J. 2008. The Death of Protestant America: A Political Theory of the Protestant Mainline. *First Things*, August/September: 15p.
- BROAD, M. 2008 Social workers seeing red. *Community care*, 1712:4.
- BUITER, W.H. 2008. Lessons from the North Atlantic financial crisis. Paper prepared for presentation at the conference "The Role of Money Markets" jointly organised by
- BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- CALHOUN-BROWN, A. 2000. "Upon This Rock: The Black Church, Nonviolence, and the Civil Rights Movement". *Political Science & Politics*, June 2000:169-174.

- Columbia Business School and the Federal Reserve Bank of New York on May 29-30, 2008. New York. 81p.
- DE VAUX, R. 1973. *Ancient Israel*. London: Darton, Longman & Todd. 589p.
- DICKENSON, A.M. 2008. Consumer Over-Indebtedness: A U.S. Perspective. *Texas International Law Journal*, 43:135-160.
- DRESCHER, S. & ENGERMAN, S.L. 1998. *A Historical Guide to World Slavery*. New York: Oxford. 429p.
- EKSTEEN, L.C., ed. 2005. *Groot Woordeboek*. Pharos. www.pharosonline.co.za. Datum van gebruik: 17 Februarie 2009.
- EKSTEEN, L.C., ed. 2005. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pharos. www.pharosonline.co.za. Datum van gebruik: 17 Februarie 2009.
- FITCH, C., SIMPSON, A., COLLARD, S. & TEASDALE, M. 2007. Mental health and debt: challenges for knowledge, practice and identity. *Journal of Psychiatric and Mental Health Nursing*, 14(2):128-133.
- FITZGERALD, S.T & SPOHN, R.E. 2005. Pulpits and Platforms The Role of the Church in Determining Protest among Black Americans. *Social Forces*. 84:1015.
- FOSTER, J.B. 2006. The household debt bubble. *Monthly Review*, May 2006: 1-11.
- GIL-DIAS, F. 1997. The origin of Mexico's 1994 financial crisis. *The Cato Journal*. 17(3):1
- HALTERMAN, J. 2008. The wages of greed. *Christian Century*. October 2008:13.
- HART, T. 2008. U.S. credit crisis goes international. *University Star*, 98(21):15 Oktober 2008
- HUGHES, D.M. 2000. The "Natasha" Trade - The Transnational Shadow Market of Trafficking in Women. *Journal of International Affairs*, Spring 2000: 1-10.

- IGBAFE, P.A. 1975. Slavery and imancipation in Benin, 1897-1945. *Journal of African History*, XVI(3):409-429.
- JAMES, L. 2008. Wiped out by two jobs?. *Travel Weekly*, 29 February 2008.
- JOUBERT, P.A. ., ed. 2005. Tweetalige Frasewoordeboek. Pharos.
www.pharosonline.co.za. Datum van gebruik: 17 Februarie 2009.
- JSE (Johannesburg Securities Exchange). 2008. Weekly statistics for the week ended 31 October 2008. http://www.jse.co.za/docs/stats/weekly_stats/20081031-weekly_stats.pdf Datum van gebruik: 17 Februarie 2009.
- KEYNES, J.M., 1932. The General Theory of Employment, Interest, and Money. London: Macmillan and Company Ltd.
- LYON, L. 2008. Stressed About Money? The Kids Might Be, Too. *Money*, 145(9):1
- MANEFEE, S.P. 2003. Smuggling of Refugees by Sea A Modern Day Maritime Slave Trade. *Regent Journal of International Law*, 2:1.
- MANGU-WARD, K. 2008. Burn the "Speculators"! *Reason*, 40(5):1
- MANUAL, A.T. 2008. Medium Term Budget Policy Statement – 2008. Delivered to parlement on 21 October 2008. 17p.
- MORENO, R. 1998. What caused East Asia's financial crisis? *Economic Letter*, 98(24):1
- NAQVI, S.A.A., ALI, B., MAZHAR, F., ZAFAR, M.N. & RIZVI, S.A.H. 2007. A socioeconomic survey of kidney vendors in Pakistan. *Transplant International*, 20(11):934-939.
- NATIONAL CREDIT REGULATOR. 2006?. The National Credit Act and the National Credit Regulator. [http://www.ncr.org.za/publications/Brochure%20\(Afrikaans\).pdf](http://www.ncr.org.za/publications/Brochure%20(Afrikaans).pdf). Datum gebruik: 18 Februarie 2009.

- OTTO, J.M. 2007. Die nuwe kredietwet – hoe gaan dit werk? Woord en Daad, Herfs: 27-28.
- PARKER, E. 1997. Laat jou salaris vir jou woeker. Sanlam Klub : 22-23,26, Nov.
- PETTIFOR, A. 2008. A debt spiral we could have avoided. New Statesman, 27 October 2008: 28.
- PILBEAM, K. 2001. The East Asian Financial Crisis: Getting to the Heart of the Issues. *Managerial Finance*, 27(1):111-129.
- ROSSOUW, J. 2007. 'n Kritiese beskouing van die Accra-verklaring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 47(2): 259-275.
- RUBIN, V. & TUDEN, A. Ed. 1977. Comparative Perspectives on Slavery in New World Plantation Societies. New York: The New York Academy of Science. 619p.
- SALZMAN, M. 2008. From the sub-prime crisis to the ridiculous. Marketing Week, 22 May 2008: 18.
- SCHURENBERG, E. 2008. What Not to Believe About the Crisis. *Money*, 37(11):16.
- SCHUSSLER, M. 2008. Your salary inflation. SAPA. 2 Julie 2008
- SENTRALE STATISTIEK DIENS sien SSD
- SSD (Sentrale Statistiekdiens). 2006. Income and expenditure of households 2005/2006. Statistical release P0100. Pretoria. 211p.
- SSD (Sentrale Statistiekdiens). 2008b. Statistics of civil cases for debt (Preliminary) - August 2008. Pretoria. 12p.
- SUID-AFRIKA. 2005. National Credit Act 34 of 2005. Pretoria. Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 2008. Quarterly Bulletin – September 2008. Pretoria. 78p.

- TAYLOR, T. 2001. Believing the ancients: quantitative and qualitative dimensions of slavery and the slave trade in later prehistoric Eurasia. *World Archaeology*, 33(1):27-43.
- TESTART, A. 2002. The Extent and Significance of Debt Slavery. *Revue Francaise de Sociologie*, 43:173-204.
- TOLEDANO, E.R. 1993. Late Ottoman Concepts of Slavery (1830's -1880's). *Poetics Today*, 14(3):477-506.
- TURLEY, D. 2000. Slavery. Oxford: Blackwell. 174p.
- VALKENBURG, P.M. 2000. Media and Youth Consumerism. *Journal of Adolescent Health*, 27S: 52-56.
- VALKENBURG, P.M. 2000. Media and Youth Consumerism. *Journal of Adolescent Health*, 27S: 52-56.
- VALKENBURG, P.M., & CANTOR, J. 2001. The development of a child into a consumer. *Applied Developmental Psychology*, 22: 61-72.
- VAN HEERDEN, C.M. & OTTO, J.M. 2007. Debt enforcement in terms of the National Credit Act 34 of 2005. *TSAR*, 4:655-684.
- WALVIN, J. 1996. Questioning Slavery. London: Routledge.
- WETTE *sien* SUID-AFRIKA
- WILLIAMS, H. 2001. Of free trade and debt bondage. *Latin American Perspectives*, 28(4): 30-51.
- WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 2003. Elektroniese Woordeboek van die Afrikaanse Taal. [CD].